
GELOOF FAITH

In Die Woord In The Word



Geloof is uit die gehoor en die gehoor is deur die Woord van God Rom. 10:17

Faith cometh by hearing and hearing by the Word of God. Rom. 10:17

POSBUS 112, STANGER, 4450/ POSBUS 232, BALLITO, 4420 · TEL: (032) 551 2419

E-MAIL:stangerchristiancentre@gmail.com/ Web: stangerchristiancentre.com

We are so excited to announce the launch of our brand new website!!!!!
You are now able to read and download all our books and previous newsletters and listen to Dr James ministering. We will be adding more dvd's and podcast sermons of Dr James. We are so grateful to Jorn and Tammy Krige for their expertise and long hours, and most of all for their generous gift of this incredible website in order for the Word to reach every corner of the world.
We also want to thank Barry Olivier and all those, who for their love of God's Word, helped to make this vision a reality!!
Please have a look at our website: "www.stangerchristiancentre.com"
If anyone is in need of a website you can contact Jorn at info@digitalhive .co.za or on 0829222159

Ons is Regverdig Gemaak in Jesus

Want Hy het Hom wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons gemaak, sodat ons kan word geregtigheid van God in Hom (2 Kor. 5:21). God het Jesus, wat geen sonde geken het nie, sonde vir ons geword, sodat ons die geregtigheid van God kon word. Die verwisseling is baie duidelik: Jesus is sonde gemaak, sodat ons die geregtigheid van God kon word. Let op dat dit nie deur ons eie geregtigheid is dat ons geregverdig gemaak is nie, maar deur die geregtigheid van God. In Mattheus 6:33 het Jesus gesê: "Maar soek eers die koninkryk van God en sy geregtigheid, en al hierdie dinge sal vir julle bygevoeg word".

Die enigste aanvaarbare regverdigheid van God in die hemel word ontvang deur geloof in Jesus Christus. Jesaja 64:6 lees: "En ons het almal geword soos 'n onreine, en al ons geregtighede soos 'n besoedelde kleed". Hierdie vers sê nie dat al ons sondes soos 'n besoedelde kleed is nie. Selfs die beste pogings wat ons aanwend om godsdienstig te wees – om God te behaag en Hom in ons eie krag te dien – is slegs 'n besoedelde kleed. Hierdie vuil toiings is nie vir ons vanpas vir die hofsale van die hemel nie. God verwag van ons dat ons daardie vuil toiings van ons eie regverdigheid moet verwyder. Ons moet ophou om op ons eie goeie werke en godsdienstige aktiwiteite te vertrou; te erken dat ons sondig is. Ons moet glo dat Jesus aan die kruis, sondig gemaak is met ons sondigheid, sodat ons regverdig gemaak kon word met Sy regverdigheid. Ons lees in Jesaja 53:10: "Maar dit het die Here behaag om Hom te verbrysel". Wanneer die Skrif sê "dit het die Here behaag", het dit nie beteken dat dit vir die Here 'n plesier was om Sy Seun te verbrysel nie, maar dit was eerder die Here se

(Vervolg op bls. 2)

(Vervolg vanaf bls. 1)

besluit, dit was Sy doel. Hy het gesien dat dit gepas was om te doen; Hy het gesien dat dit noodsaaklik was.

Hy het volkome voorsiening vir die verlede gemaak: "Hy julle al die misdade vergeef het" (Kol.2:13). Deur die dood van Jesus Christus in ons plek – as ons Verteenwoordiger wat ons skuld gedra het sonder om Sy eie geregtigheid bloot te stel, omdat Sy geregtigheid bevredig is deur die dood van Christus. Ons moet verstaan dat al ons sondige dade van die verlede, maak nie saak hoe baie of ernstig is vergewe is.

God het nie net volkome voorsiening vir die verlede gemaak nie, maar ook vir die toekoms en die skuldbrief teen ons, wat met sy insettinge ons vyandig was, uitgedelg en weggeruim.

Die geskrewe wetboek is die wet van Moses. Aan die kruis het Jesus weggedoen met die wet van Moses as 'n manier om regverdigheid van God te verkry. So lank as wat die wet die verdienste van regverdigheid was, was ons skuldig voor God. Die oomblik toe die wet uit die weg geneem is, is voorsiening vir ons gemaak om vry van skuld te leef. Want Christus is die einde van die wet tot geregtigheid vir elkeen wat glo – Jood of Heiden, Katoliek of Protestant, dit maak geen verskil. Ons het nie nodig om die wet te onderhou om regverdig te wees nie.

Die Boek van Romeine is God se manier om die waarhede van die Evangelie in ons lewens te laat werk.

Wat sal ons dan sê? Sal ons in die sonde bly, dat die genade meer kan word, stellig nie! Ons wat die sonde afgesterf het, hoe kan ons nog daarin lewe?

Of weet julle nie dat ons almal wat in Christus Jesus gedoop is, in sy dood gedoop is nie? Ons is dus saam met Hom begrawe deur die doop in die dood, sodat net soos Christus uit die dode opgewek is deur die heerlikheid van die Vader, ons ook so in 'n nuwe lewe kan wandel. Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood, sal ons dit tog ook wees deur dié aan sy opstanding; aangesien ons dit weet dat ons oue mens saam gekruisig is, sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word en ons nie meer die sonde sou dien nie. Want hy wat gesterf het, is geregverdig van die sonde. As ons dan saam met Christus gesterf het, glo ons dat ons ook saam met Hom sal lewe, omdat ons weet dat Christus, nadat Hy opgewek is uit die dode, nie meer sterf nie. Die dood heers oor Hom nie meer nie. Want die dood wat Hy gesterf het, het Hy vir die sonde eens en vir altyd gesterwe; maar die lewe wat Hy leef, leef Hy vir God (Rom. 6:1-10).

Die uitkoms hiervan is geweldig: "sonde sal nie meer oor jou heers nie" – sonde sal nie langer jou domineer of beheer nie. Bevryding van sonde en al sy bose gevolge kom deur ons identifikasie met Jesus Christus in Sy dood, begrafnis, opstanding en hemelvaart.

Laat ons noukeuriger kyk na die inhoud van Romeine 6. Dit gee opeenvolgende punte van identifikasie. Eerstens: "ons het die sonde afgesterf"(vers 1) toe Jesus gesterf het, het ons onsself met Sy dood geidentifiseer. Toe Jesus gekruisig is, is ons "ou self" (vers 6), die rebelse natuur wat ons van Adam geërf het ook gekruisig. Tweedens: "ons is saam met Hom begrawe" (vers 4). Deur in Sy dood gedoop te wees, het ons gesterf en is saam met Hom begrawe. Derdens: "ons is verenig met Hom in Sy opstanding" (vers 5). Deur Hom deur die dood en begrafnis te volg, beweeg ons uit in Sy opstandingslewe, deel Sy lewe met Hom. Die praktiese, suksesvolle gevolge van hierdie identifikasie met Jesus in Sy dood, begrafnis en opstanding is as volg:

1. "Sodat die liggaam van die sonde tot niet gemaak sou word" (vers 6). Die korrupte, bose natuur wat ons gevange gehou het en verkeerde dinge laat doen het, selfs wanneer ek begeer het om die regte ding te doen was ek magteloos. Dit is dood gemaak.
2. Gevolglik is ons nie "meer slawe van die sonde nie"(vers 6). Sonde dwing ons nie meer om nadelige, vernietigende dinge te

(Vervolg op Bl. 3)

doen nie, wat uiteindelik ongeluk oor ons kan bring op die aarde en in die hemel.
3. Dan is ons "vry van sonde"(vers 7). Ons is letterlik geregverdig of kwytgeskel. Jesus het die finale straf vir ons sonde betaal: daar is niks meer om te betaal nie. Deur vrygestel te wees van die mag en skuld van sonde, het ons nou 'n goeie gewete en kan ons voor die troon van die Almagtige God sonder vrees staan.
4. Laastens, "sal ons saam met Hom (Christus) lewe. (vers 8). Wat 'n geweldige belofte! Ons sal Sy ewige opstandings lewe deel. Hy het een keer vir sonde gesterf, Hy kan nie weer sterf nie. Hy leef verewig met God en ons gaan daardie ewige lewe binne.
Die volgende gedeelte van die praktiese toepassing in Roemeine, vind ons in Rom.6:11-13.
Eerstens "reken dat julle wel vir die sonde dood is" (vers 11). Die Bybel sê dat ons dood is – glo dit! (Gal. 2:20). Paulus het Christus se kruisiging en dood as sy eie gesien. Hy het dit gedink en dit gesê. Ons moet dieselfde doen.
Stappe twee en drie, van te vore kon ons nie help om aan sonde toe te gee nie, nou het ons 'n keuse. Daar is 'n groter mag in ons as sonde. Wanneer versoeking kom, moet ons ferm en finaal sê: " Nee! Ek sal nie aan my liggaam of dele toegee nie! Satan, ek sal nie aan jou toegee nie. Ek behoort aan Jesus".
Stap vier. Ons kan nie onafhanklik optree en vry van sonde bly nie. Ons moet kies om God te dien eerder as vir Satan, offer onsself as offerhandes aan God, offer alles wat ons is en wat ons het – hou niks terug nie. Gee elke deel van jou liggaam aan God om te gebruik soos Hy wil en tot Sy eer.
Die resulaat is dat "sonde oor julle nie sal heers nie" (vers 14). Ons is bevry van skaamte, vernedering, angs – wanneer ons deur ons identifikasie met Jesus in Sy dood, begrafnis en opstanding werk – sal ons verlos word.
Jesaja gee vir ons 'n uitvoerige profetiese beskrywing van die lyding van Jesus, geskryf meer as sewehonderd jaar voor dit plaasgevind het.
Hy is mishandel, hoewel Hy onderworpe was, en Hy het sy mond nie oopgemaak nie; soos 'n lam wat na die slagplek gelei word en soos 'n skaap wat stom is voor sy skeerders — ja, Hy het sy mond nie oopgemaak nie. Uit die druk en uit die strafgerig is Hy weggeneem; en onder sy tydgenote — wie het daaroor gedink dat Hy afgesny is uit die land van die lewendes? Ter wille van die oortreding van my volk was die plaag op Hom. En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood, omdat Hy geen onreg gedoen het nie en geen bedrog in sy mond gewees het nie (Jes.53:7-9).
Hierdie besonderhede was presies vervul in die lyding en dood van Jesus. Eerstens, die Evangelies beklemtoon verskeie kere dat Jesus geen poging aangewend het om Sy beskuldigers te antwoord nie, Homself te regverdig of Sy eie saak gepleit het nie (lees bv. Mark. 15:3-5). Onregverdige beskuldigings en 'n onregverdige verhoor het tot Sy dood gelei en "Hy is afgesny uit die land van die lewendes".
Die besonderhede van Sy begrafnis is ook verbasend akkuraat: "En hulle het Hom sy graf by die goddelose gegee; en by 'n ryke was Hy in sy dood". Ons beweeg van die meervoud "by die goddelose gegee" (Eng. "with wicked men") na die enkelvoud "'n ryke". Geskiedkundig vind ons dat Jesus afgehaal is vir die begrafnis met twee diewe wat weerskante van Hom gehang het, maar toe is Hy in die graf van 'n ryk man begrawe, Josef van Arimathea.
Jesaja beklemtoon dat nie vir Sy eie sonde of skuld gesterf het nie. Hy was volkome onskuldig, tog het Hy die dood van 'n krimineel gesterf.
Ons lees: Aangesien die kinders dan vlees en bloed deelagtig is, het Hy dit ook op dieselfde manier deelagtig geword, sodat Hy deur die dood hom tot niet kon maak wat mag oor die dood het — dit is die duiwel — en almal kon bevry wat

hulle hele lewe lank uit vrees vir die dood aan slawerny onderworpe was (Heb.2:14-15).

Toe Adam gerebbeleer het, het hy in plaas van 'n koning, 'n slaaf geword – gebind deur Satan, die dood en korrupsie. Hy was nie langer vry nie. Om egter in staat te wees om mense van daardie slawerny te bevry, het Jesus op Homself 'n menslike vorm aangeneem, die Adamiese natuur. Hy het op Homself dieselfde vlees en bloed geneem wat ek en jy het, sodat Hy deur Sy dood die een kon vernietig wat die mag oor die dood besit – dit is die duiwel – en bevry ons almal wat ons lewe lank in slawerny gehou is uit vrees vir die dood. Aan die kruis het Jesus die gevalle natuur van die mense en hulle sondes op Homself geneem. Dit word ook verklaar in 1 Pet.2:24: wat self ons sondes in sy liggaam op die kruishout gedra het, sodat ons die sondes kan afsterwe en vir die geregtigheid lewe; deur wie se wonde julle genees is.
Aan die kruis het Jesus volkome geidentifiseer met ons sonde en ons skuld. Hy het die laaste groot skuldoffer geword wat die sonde en skuld van die menslike ras weg geneem het. Hy het ons sonde en straf gedra. Ons wonde het Sy wonde geword en Hy het ons dood gesterf. Hy het geboet vir daardie skuld van rebellie as ons verteenwoordiger, die laaste Adam, gehang aan die kruis, Sy lewensbloed gestort, Homself volkome gegee om ons te verlos.
As ons verder kyk as Christus se identifikasie met ons, vind ons dat deur geloof en belydenis, ons met Christus kan identifiseer – nie net in Sy dood nie, maar ook in Sy daaropvolgende verheffing.

Maar God, wat ryk is in barmhartigheid, het ons deur sy grote liefde waarmee Hy ons liefgehad het, ook toe ons dood was deur die misdade, lewend gemaak saam met Christus — uit genade is julle gered — en saam opgewek en saam laat sit in die hemele in Christus Jesus
(Ef.2:4-6).

Dit is die teenoorgestelde kant van identifikasie. Eerstens het Jesus Homself met ons geidentifiseer, die gevalle ras. Hy het ons plek ingeneem, ons straf betaal en ons dood gesterf. Hy het vir ons skuld geboet. Soos ons onsself met Hom in Sy dood, in geloof, identifiseer is ons ook geidentifiseer met alles wat na Sy dood volg.
Drie groot stappe van ons identifikasie met Jesus kom voor in Ef.2:4-6. Eerstens: "God, het ons lewend gemaak saam met Christus". Tweedens: "saam opgewek". Dit hou egter nie daar op nie. " saam laat sit in die hemele in Christus Jesus". God het ons saam met Hom laat sit op Sy troon. God het ons saam met Christus op Sy troon geplaas. Ons is in Christus op Sy troon geplaas.

Skatkis

Die Here is my herder; niks sal my ontbreek nie (Ps. 23:1)

Met ander woorde, ek sal volkome tevrede wees en geen tekort hê nie! Die sleutel vir hierdie toestand is egter om in die Herder se trop te wees en om Hom net eenvoudig te volg.

Midde Oosterse herders het hulle kuddes nie van agter af aangejaag nie, maar hulle van voor gelei. Wat 'n gepaste beeld vir ons is. Jesus is altyd voor ons om ons weg te beveilig en oop te maak. Ja, die gebied mag met tye rof wees. Ons mag skerp klippe en ysige winde teëkom, maar as ons naby die Herder bly, sal Hy ons deur die valleie en oor die nou paaie lei en in Sy volmaakte vrede laat bly.

Wanneer Hy werklik ons Herder is, die Een deur wie ons gelei en gevoed word sal ons volkome vervulling vind en sal niks ons verseker ontbreek nie.

UIT ONS KANTOOR

Geliefdes in ons liewe Here Jesus,

Jesus het vir Sy dissipels gesê in Joh. 14:27: Vrede laat Ek vir julle na, my vrede gee Ek aan julle; nie soos die wêreld gee, gee Ek aan julle nie.…

In Israel, groet die Jode mekaar met die woorde "shalom, shalom". Anders as die Afrikaanse woord "vrede", beteken "shalom" nie net vrede vir die siel nie, maar ook heelheid vir jou hele wese – gees, siel en liggaam. Dit beteken 'n gevoel van heelheid en gesondheid. Met ander woorde shalom omvat jou voorsiening, gesondheid en totale welsyn.

Toe Jesus in Joh. 14:27 met Sy dissipels gepraat het, het Hy nie die Afrikaanse woord "vrede" gebruik nie. Hy sou die Hebreeuse woord "shalom" gebruik het, deur te sê: "Ek laat shalom by julle bly, My shalom gee Ek aan julle ..." Interessant dat die woord "bly" beteken hier in werklikheid "bemaak", die manier waarop 'n ryk man sy eiendom aan sy erfgenaam bemaak.

Die dissipels moes baie opgewonde gewees het toe hulle gehoor het dat Jesus Sy shalom aan hulle bemaak het. Hulle moes geweet het dat om Sy shalom te ontvang was om Sy gesondheid te hê, omdat hulle Hom nooit siek gesien het nie. Die dissipels het ook verstaan dat om Jesus se shalom te hê beteken om Sy oorvloed te hê omdat hulle gesien het hoe Hy in die behoeftes van duisende voorsien het met baie oorskiet. Hulle het gesien hoe Hy 5,000 mans gevoed het (sonder om die vroue en kinders by te tel) met 12 mandjies vol oorskiet! (Mark 6:34–44)

Jesus wou gehad het dat Sy dissipels moes weet dat Sy vrede anders was as die vrede wat die wêreld bied. Sy vrede sou watter uitputtende omstandighede ook al verander wat hulle omring. Selfs al was dit 'n geweldige storm, sou dit voor Sy vrede moes buig. Die Prins van Vrede het net gespreek: "Vrede, wees stil!" en die wind en see het Hom gehoorsaam (Mark 4:39). Sy vrede het die storm wat gewoed het verander in volmaakte kalmte.

Geliefde, dit is die soort vrede wat Jesus aan jou nagelaat het. Glo daarom dat Sy shalom wat Hy vir jou nagelaat het al jou moeilike situasies sal verander, dat jy uit siekte, tekort en geestelike foltering na gesondheid, voorsiening en volkome heelheid gebring word! Ons bid vir julle!

Ons wil julle almal bedank vir julle waardevolle gebede en liefde wat baie kosbaar vir ons is. Wees verseker van ons liefde en opregte waardering vir jul volgehoue ondersteuning, mag die Here julle almal baie ryklik seën.

Liefde groete

Meg en die Gebedspan

KENNISGEWING

Ons het 'n lys beskikbaar van boeke en Cd's met hul pryse. Indien u meer inligting verlang oor wat beskikbaar is of 'n bestelling wil plaas, kontak ons asseblief sodat ons die lys na u kan E-pos. Dit het ook volledige inligting hoe om 'n bestelling te plaas, bank inligting ens.

Ons E-pos adres is:
stangerchristiancentre@gmail.com

Ons Bankbesonderhede:
Stanger Christian Sentrum
Eerste Nasionale Bank, 53730091667
Kode: 220129 (Stanger)

VICTORY OVER THE DEVIL'S ATTACKS
PART 1

When you became born again by giving your heart to Jesus, making Him Lord of your life, He became your personal Saviour. However, at that moment, you also acquired a personal enemy, for as much as God loves you with an everlasting love, and desires to bless you, Satan hates you and would do his best to destroy you. The Apostle Peter, writes in **1Peter 5:8-9: Be sober, be vigilant; because your adversary the devil, as a roaring lion, walketh about, seeking whom he may devour: Whom resist steadfast in the faith, knowing that the same afflictions are accomplished in your brethren that are in the world.**

Peter, who certainly knew all about the attacks of the enemy, warns all Christians about the wiles of Satan, whose aim it is to devour us **when** ever, **where** ever, and **how** ever he has opportunity to do so. He adds that every child of God, all over the world is undergoing the same attacks, so take comfort in the knowledge that you are not the only one being targeted by the enemy of your soul! Simon Peter understood what it was like to be under the devil's attack, because we read in:

Luke 22:31-32: And the Lord said, Simon, Simon, behold, Satan hath desired *to have* you, that he may sift *you* as wheat:
But I have prayed for thee, that thy faith fail not: and when thou art converted, strengthen thy brethren.

Jesus says, **but I have prayed for you Peter!** How did He pray for Peter?

Jesus is the Son of God; He was God manifest in the flesh, and the only thing that He could do for Peter in that situation was to pray for him that **"thy faith fail not!"** This is still the case today. When the attacks of the enemy come, (and they are bound to come, as we have just read in 1Pet.5:8-9), Jesus prays that **our faith will not fail**. He prays that we will have strong faith throughout the duration of the attack and that we will come out of it victorious, because we know the One in whom we have put our trust is able!

In order to have victory over any attack of the enemy, we must never lose faith in God's ability to undertake for us, because He has provided all we need for victory, as we counter the attack boldly and in the spirit. When Satan sees a passive, lukewarm Christian, he knows that he is of no real threat to his kingdom, and that he can to push him around because of his ignorance of spiritual matters. On the other hand when he comes up against a believer who is full of faith and is acting upon the truth of God's Word, he realises that his attacks will have to be more subtle. When he is aware of the demonstration of God's power in a believer's life (as it was in the lives of those of the Early Church in the book of Acts), he knows that he has a real fight on his hands and will do all he can to break down that believer's faith to make him as ineffectual and ineffective for the Kingdom of God as possible. He also knows that the victory gained in the life of a Christian brings much glory to Jesus, and he hates that!

So it is most important for a Christian to REALISE that as he grows in the Lord and becomes a true believer (a doer of the Word), that Satan WILL BE ON THE ATTACK to oppose him in the spiritual warfare we are fighting here on earth.

If Satan had enough audacity to challenge and tempt Jesus in the wilderness (Luke 4: 1-13), then we can be quite sure that he will to do the same to any believer who is faithfully walking in the ways of Jesus and being obedient to His word. If however your walk with the Lord consists of merely going to church once a week as a duty or to pacify your conscience, Satan knows this and realises that you are no real threat to him. It is the zealous, victorious Christian, displaying their belief in God's Word and acting upon God's Word, who is the ultimate threat to Satan's kingdom. However all believers come under his attack

at various times but sadly some are unaware of it and become easy prey. Remember that Christianity is not a religion, it is all about having a relationship with your Heavenly Father and His Son Jesus, and being led by His Holy Spirit because this intimacy is our place of refuge and strength.

In Luke 4: 13, we read about Satan tempting Jesus in the wilderness after His 40 day fast: **Now when the devil had ended every temptation, he departed from Him until an OPPORTUNE TIME.**

This means that Satan will look for more than one opportunity to tempt or attack the believer, trying to cause him to stumble and fall, or to lose faith completely. He is constantly on the war-path with God's children and the sooner we learn how to bring his evil plans and purposes for our lives to naught, the less of a yo-yo Christian we will be. Our fundamental obedience to God's Word by faith, is the key to our victory! God **SAID it**, and **I DO it!** Obedience to God's Word is our protection and our victory.

This truth has become more and more of a revelation to me, and I pray that you too will grasp the importance of this truth and make it a reality in your life too. Obedience is better than sacrifice, the Word of God tells us.

Many Christians do not experience the Lord's full blessings on a regular basis and this is due to; a lack of knowledge of God's Word, tradition and doctrine of man, or because of Satan's deception operating in their lives. Although every believer will go through trials and tests in order to be perfected into the likeness of Jesus, these will be the tests or trials that Jesus went though, e.g. betrayal, rejection and persecution by those whom He loved.

We read in **James 1:2-4 My brethren, count it all joy when ye fall into divers temptations; Knowing *this,* that the trying of your faith worketh patience. But let patience have *her* perfect work, that ye may be perfect and entire, wanting nothing.**

These tests and trials are there to test our patience, our staying power, our endurance, and to produce the fruit of the Holy Spirit within our lives. We are exhorted to rejoice when we face them. However we need to be able to distinguish between those trials that produce godly character, and the attacks of the devil that are designed by him to destroy us!

This is what the Bible has to say about our enemy, the devil. **John 10:10: The thief does not come except to steal, and to kill, and to destroy. I have come that they may have life, and that they may have it more abundantly.**

John 8:44: You are of your father the devil, and the desires of your father you want to do. He was a murderer from the beginning, and does not stand in the truth, because there is no truth in him. When he speaks a lie, he speaks from his own resources, for he is a liar and the father of it.

We realise then that Satan is a thief, a liar and a murderer, and that there is no truth whatsoever in him. Every time he speaks into the minds of men, he is lying, our minds being his battleground. He is no respecter of race, nationality or individual. He roams around as a lion burning with desire to steal, murder and destroy. Our Heavenly Father is completely opposite in character, desiring to bless, save, heal, encourage and mend the broken hearted, for He loves us with an everlasting love. (Luke 4: 18-19).

We read in John 3:16 that God so loved the world, (that includes you and me) that He gave His only begotten Son to die in our place. God desires that we should understand the truth about Him, and the truth about our enemy… **If ye continue in My word, *then* are ye My disciples indeed; *and you shall know the truth, and the truth shall make you free!* John 8: 31-32.** This knowledge of the Truth will help us discern Satan's evil tactics and strategy, so that we are not fooled by Him and suffer needlessly being under the impression that we are being martyrs for Jesus, or that the attack is the Lord's doing.

We read in **2 Cor. 2:11: *.. lest Satan should take advantage of us; for we are not <u>ignorant</u> of his devices.***

Prov. 11:9: *..but through <u>knowledge</u> the righteous will be delivered.*

2 Pet. 1:24: *Grace and peace be multiplied to you in the <u>knowledge</u> of God and of Jesus our Lord, as His divine power has given to us all things that pertain to life and Godliness,*

through the knowledge of Him who called us by glory and virtue, by which have been given to us exceedingly great and precious promises, that through these you may be partakers of the divine nature, having escaped the corruption that is in the world through lust.

Isaiah 33:6: *Wisdom and knowledge will be the stability of your times, and the strength of salvation; The fear of the Lord is His treasure.*

Hosea 4:6 tells us**: *My people are destroyed for lack of knowledge. Because you have rejected knowledge, I also will reject you from being priest for me; Because you have forgotten the law of your God, I also will forget your children.***

GOD CANNOT BLESS IGNORANCE. WE NEED HIS KNOWLEDGE, WHICH COMES FROM KNOWING THE SCRIPTURES. In everyday life, that which we don't know, that of which we are ignorant, does not affect us, whereas in our spiritual life, ignorance leads to spiritual death **- Satan will use our ignorance of God's Word to destroy our lives.**

Believers therefore need knowledge of God and His Word, but we also need to know Satan's strategies and evil plans. If we really knew how wicked and evil Satan is, then we would truly wage warfare with a vengeance, and become effective in fighting a spiritual war against him and sin. Remember you do not fight alone because, ***If God be for us, who can be against us?***

We know that Satan was originally created by God as the archangel, Lucifer, and it was pride, and his ambition to exalt himself above God, that caused his downfall. He hates the Christian who will eventually take his place in the heaven out of which he was thrown, and we will judge him and his angels, so his desire is to destroy God's eternal plan for man. He is persistent. God however, gives the Believer authority, in the Name of Jesus, over principalities and the powers of darkness, through the power of the Blood of Jesus shed on the Cross of Calvary.

Luke 10:19: Behold, I give you the authority to trample on serpents and scorpions, and over all the power of the enemy, and nothing shall by any means hurt you; and Mark. 16:17 assures us that: **Those who believe, in My name they...shall cast out devils.** Every believer can have victory in his life because God has provided all we need through His Son's sacrificial death. The Bible tells us that Jesus disarmed the enemy and his demonic powers through His finished work on the Cross at Calvary. We read in **Col. 2:15: Having disarmed principalities and powers, He made a public spectacle of them, triumphing over them in it** (the cross).

Satan hates truth, and there is no truth in him. As believers, we are to have a love for the truth and of the Truth, we are to speak the truth in all situations and to live truthful lives. God, Who is Truth, examines the depths of men's hearts to see how much of His truth is within us. The Word of God is **truth;** therefore we are to have a LOVE FOR, and KNOWLEDGE OF His Word. It is only through the Truth of God's Word that we can overcome Satan; this is what Jesus did when He was tempted by him. When Satan opens his mouth, he lies**. Lies cannot change the Truth, but the Truth does change lies.**

Remember that Satan is a fallen angel, who was created by God, our Creator. Our God is ALMIGHTY, Creator of heaven and earth. The chief characteristics of Satan are: deception, corruption and unpredictability - he **cannot** create anything, but **perverts** that which is good, and tries with all his strength to condemn and destroy God's children. Our God is **OMNIPOTENT** (all powerful), **OMNISCIENT** (all knowledgeable) and **OMNIPRESENT** (everywhere simultaneously), Satan is not.

The Bible tells us that Satan roams around **like** a roaring lion, seeking whom he may devour. He is looking for people who will give him an opportunity to destroy their lives.

God knows the thoughts and intents of our hearts, whereas Satan does not know our thoughts. He only knows what you are thinking when you speaks it out aloud. However he will whisper lies and suggestions into your mind, hoping to entice, confuse or deceive you, but through knowledge of God's Word, we are able to recognise these lies and we are assured that we have the victory over every one of Satan's strategies.

Remember that Jesus has already purchased that VICTORY for us at Calvary!